**Geloof gee perspektief – in lewe en in dood**

**Heb 11:20-31**

**6 November 2022**

1. Heb 11:1-3: Funksionele definisie van geloof
2. Heb 11:4-7: Abel, Henog, Noag – oortuig God bestaan, het naby God geleef, beloning verwag
3. Heb 11:8-19: Abraham en Sara – kennis van God se beloftes, vertrou in gehoorsaamheid, volharding, hoë agting vir gedeeltelike vervullings, hunkering na volle vervulling, bely hulle vertroue, is getoets
4. Geloof gee perspektief aan gelowiges op hulle sterfbed (Heb 11:20-22)
    a. Isak (v20):
        - God beloof oudste sal jongste dien (Gen 25:23), deur bedrog ontvang Jakob die seën van Esau (Gen 27:27-29)
        - Kyk selfs op sterfbed in geloof vorentoe na vervulling van God se belofte
    b. Jakob (v21)
        - Efraim/Manasse soos Ruben/Simeon (Gen 48:5), Efraim groter as Manasse
        - Kyk selfs op sterfbed in geloof vorentoe na vervulling van God se belofte
    c. Josef (v22)
        - Moet beendere saamneem (Gen 50:24-25, vgl Eks 13:19, Jos 24:32)
        - Kyk selfs op sterfbed in geloof vorentoe na vervulling van God se belofte
5. Geloof gee perspektief aan gelowiges tydens hulle lewens (Heb 11:23-31)
    a. Moses se ouers (v23, Eks 2, vgl Hand 7:20)
        - Was nie bang om mee te werk na die vervulling van God se beloftes nie
    b. Moses (v24-26, Eks 2, vgl Hand 7:23-30, Fil 3:7-11)
        - Verruil die genot van sonde vir die smaad van Christus.
        - Het reeds roeping ervaar 40 jaar voor God hom geroep het.
    c. Moses en die uittog (v27, vgl Eks 2:14-15, Heb 11:1)
        - Volhard in sy roeping t.p.v. woede van koning, sien die Onsienlike
    d. Moses en die pasga (v28, Eks 12, 1 Kor 11:24-25)
        - Volk moes op sigbare manier leer van plaasvervangende Paaslam
        - Nagmaal as genademiddel herinner gelowiges aan offer van ware Paaslam
    e. Volk by die Rooisee (v29, Eks 14:10-14)
        - Volk moes kyk om God se verlossing raak te sien – moes in Rooisee ingaan
        - God lei gelowiges uit die slawehuis van sonde uit
    f. Inname van Jerigo (v30, Jos 6)
        - God lei volk wonderbaarlik om Jerigo in te neem
        - God lei gelowiges in koninkryk in
    g. Ragab (v31, Jos 2, 6:25)
        - Ragab deur geloof gespaar t.p.v. vreemde herkoms en sondige agtergrond
6. Samevatting:

    Geloof gee perspektief in hierdie lewe: Gelowiges is nie bang nie. Neem besluite in lyn met God se beloftes. Hulle volhard in hierdie besluite t.p.v. teenstand uit die wêreld en selfs uit geloofsgeledere. Hulle gebruik God se genademiddels. Hulle kyk hoe God hulle uit die sonde uitlei en hulle in Sy koninkryk inlei. Hulle reik uit na mense ongeag hulle herkoms en agtergrond. Geloof gee ook perspektief wanneer hulle sterf: Hulle vertrou God sal werk voortsit, en hulle sien uit na die beloning.